### *Die antwoord van die Meester op Judas se sendingvoorstel*

**137** (vervolg) *(**JeshaJaH 32: 6-20**):* 13] Later, as Ek weer na die hemele opgevaar het om ewige wonings vir julle gereed te maak in die huis van die Vader, sal mense julle ter wille van My Naam wel voor vorste en konings sleep om te getuig oor hulle en oor die heidene *(Matthéüs. 10: 18),* sodat daardeur ook vervul sal word wat JeshaJaH, My profeet, **vir alle tye en vir My Ryk op aarde wat nou opgerig moet word,** aan die domme konings voorspel het, toe hy sê *(JeshaJaH 32: 6-20):*

*[14] ‘`n Dwaas praat oor dwaasheid en sy hart gaan met die ongeluk om, omdat hy huigelary veroorsaak en predik om van die Meester af te dwaal, sodat die hongerige siele nog meer uitgehonger word en die dorstiges niks te drinke kry nie. Die regering van die gierige het slegs maar nadeel; want hy vind genoeg vals streke om met vals woorde die ongelukkige te verderwe as hy op moet kom vir die reg van die arme. Maar egte vorste sal ook vorstelike gedagtes hê en daarmee die reg handhaaf.*

*[15] Verhef u egter, trotse vrouens en luister na my stem! Julle dogters wat so seker van julleself is, spits julle ore vir wat ek sê! In een jaar en `n dag sal julle, wat so seker van julleself is, sidder; want as daar geen wynoes is nie, dan word daar ook geen wyn geskink nie. Skrik, julle trotse vrouens! Want dit is hoog tyd om julle swakheid raak te sien en die lendene te omgord!*

*[16] Manne sal treur oor die akkers, ja, oor die lieflike akkers en oor die vrugbare wynstokke; **want op die akker van my volk sal dorings en doringheinings groei ook oor al die bordele van die vrolike stad.** Die paleise sal verlate wees en die menigte in die stad eensaam, sodat die torings en vestings ewige hole word tot vreugde van die wild, tot weiveld vir die kuddes. En dit solank - totdat die gees van omhoog oor ons uitgegiet word.*

*[17] Dan sal die woestyn `n akker word en die akker sal mens as `n deel van die woud sien. En die reg sal in die woestyn woon en die Geregtigheid sal op die akker vertoef. En die vrug van Geregtigheid sal vrede wees en die nut van die Geregtigheid sal ewige stilte en sekerheid wees.*

*[18] Dan sal my volk in huise van vrede woon, dus in veilige wonings en in trotse rus. Maar langs die bos sal tog hael val en die stad op aarde sal beklem wees.*

*[19] Nou, dit sal met julle dus goed gaan as julle vlytig saai langs die waters; laat rustig die pote van esels en osse daaroor gaan!’*

[20] As julle dus deur die slegte dwase van hierdie wêreld na die deur JeshaJaH beskrewe narre-konings gebring en aan hulle oorgelewer word, moet dan nie besorg wees oor wat julle moet sê nie, en hoe julle julleself moet verantwoord nie; want in daardie uur sal dit julle ingegee word wat julle moet sê en hoe julle julleself moet verantwoord! *(Matthéüs. 10:19)* Want dit sal nie julle wees wat daar praat nie; **maar My Gees, wat die Gees van die Vader is** wat deur julle spreek! *(Matthéüs. 10:20)*

[21] Dit het egter slegs betrekking op die hiervóór aangeduide tweede uitsending wat julle na My hemelvaart moet uitvoer; nou sal julle dit nie so swaar hê nie.

[22] Want wat die profeet aan die einde sê, dit sê Ek nou ook vir julle: Dit gaan goed met die wat gaan saai aan die oewers van die meer; want op hierdie grond mag julle julle esels en osse, dit wil sê julle vlyt om die goeie en regte te doen waarvoor Ek julle geroep en uitgekies het, veilig laat loop! Julle sal daar geen narrekoning teëkom nie en ook geen trotse en hoogmoedige vrouens nie, maar wel liggaamlike en nog meer geestelike armes, siekes, besetenes, lammes, dowes en blindes; gaan daarheen en predik aan hulle die evangelie van die Ryk van Elohim en genees elkeen wat glo **en verswyg hom nie My Naam nie!”**

### *Die vraag van Simon van Kana oor die ontstaan van tweedrag deur die nuwe leer*

**138** **Simon van Kana** sê: “Meester, ek het nog één vraag, wat vir my uiters belangrik voorkom. Miskien wil U dit ter lering en vir ons gemoedsrus nog beantwoord voor ons vertrek. Ek vra U om na my te luister.

[2] **Ek** sê: “Ek lees jou vraag in jou hart noukeuriger as wat jy dit sal kan formuleer; maar laat dit jou nie daarvan weerhou om jou vraag ter wille van jou broers hardop uit te spreek nie. Want die vraag is werklik besonder belangrik en `n egte onbedorwe Judeër waardig. Sê dus maar sonder omhaal wat jy op jou hart het!”

[3] **Simon van Kana** sê: “Nou dan, as dit ook U wil is dat ek praat, luister dan almal goed na my! Dit is die vraag:

[4] Ons sal nou gaan na wie ons nodig het. Ons sal predik wat U ons op die berg geleer het. U bergrede is suiwer goddelik en dus buitengewoon waar en hemels goed. Maar hierdie leer gaan grootliks lynreg in teen die ou Mosaïese wette.

[5] Ek ken byna al die plekkies langs die uitgestrekte Meer van Galilea en haar inwoners ken ek meestal ewegoed. Daar is baie onder hulle wat Moses en al die profete al lankal oorboord gegooi het vir Pythagoras; dié is nou juis net so gevaarlik vir U nuwe leer. Maar daar is ook families wat so te sê vir

Moses, en eintlik meer nog, vir die tempel lewe en sterwe - en meestal geld dit meer vir die ouers as vir die kinders, hoewel die omgekeerde ook dikwels voorkom. As kinders van sulke aartsjode U, op sovele punte anti-tempelse, leer aanneem terwyl hulle ouers dit hoogs waarskynlik nie gaan doen nie - wat sal dan daaruit voortkom?

[6] Die ouers sal die kinders volgens Moses betig oor ongehoorsaamheid en sal hulle vervloek - iets wat by sulke fanatieke aartsjode beslis nie seldsaam is nie!

[7] Dit sal ongetwyfeld voor ons oë afspeel, en wat moet ons dan doen? Want ons kan daar sekerlik van uitgaan dat sulke ouers ons sal vervolg en eindeloos sal vervloek.

[8] In die omgekeerde geval sal dit natuurlik eenvoudiger wees, omdat die kinders net deur staatkundige wette nooit baas oor hulle ouers kan wees nie. So sal ons nou dus behalwe die seën ook dikwels tweedrag, twis, toorn, haat en wraaksug versprei en deur duisende gehaat, vervolg en totaal vervloek word. Wie sal hierdie skade weer herstel en wie sal die duisendvoudige vloek van ons weg-neem?”

[9] **Ek** sê: “Bekommer jou nie daaroor nie! Kyk, uit die hemele kom nie net die milde voorjaarson, wat die hele natuur opnuut tot lewe wek met haar strale nie, maar ook storm, hael, bliksem en donder.

[10] Elkeen prys wel die sonstrale; maar die hael, die storm, die bliksem en die donder wil niemand loof nie en die winter kom vir almal altyd te vroeg - en tog is die winter vir almal heilsamer as die voorjaar, en storm, hael, bliksem en donder is net so nodig as die milde strale van die awendrooi son.

[11] Ek sê vir julle: dit sal so gebeur, en dit moet so gebeur dat ter wille van My Naam die een broer die ander sal oorlewer aan die dood, en só sal ook die vader met sy seun doen en die kinders sal teen hulle ouers opstaan en hulle die dood indrywe! *(Matthéüs. 10:21)* Maar - julle moet deur elkeen van die eintlike wêreld, soos wat dit tans is, gehaat word ter wille van My Naam!

[12] Wie van julle daaraan egter nie aanstoot neem nie, maar volhard tot die einde toe, hy sal salig word *(Matthéüs. 10:22);* want die satan trek sy kloue nie sommer van sy buit af nie! Het julle My verstaan?”

[13] **Judas** sê: “Dit word steeds mooier! As ons onsself die haat van almal op die hals haal vanweë hierdie opdrag, dan beveel ek so `n onderneming wel in Elohim se hande aan! Baie geluk in `n krygshaftige klimaat! Hulle wat ons haat, sal hulle sekerlik net so oor ons ontferm en ons bewaar soos die hete somer hom oor die sneeu ontferm en dit bewaar! Meester, as dit U volle erns is, dan sê ek vir U as heel eenvoudige, maar enigsins ervare mens: Bly saam met ons maar liewer mooi tuis; want daardie saad sal nie opkom nie en sal geen vrug dra nie! - Luister! As ons dit in `n stad met ons prediking en ons dade sover gebring het dat ons daar deur almal gehaat word soos die dood, wat staan ons dan te doen? Moet ons onsself dan ook nog heel rustig laat doodmaak? En as dit so gebeur - wie sal U leer dan verder versprei? - Ha, bedink eers wat U vra! Om hemelswil, sien U dan nie in dat U Uself daardeur heeltemal onmoontlik maak en U eie grootste vyand en vervolger is nie? Waar, waar in die hele wêreld vind jy iemand wat my meer as die dood haat en tog luister na my prediking, wat sy huis vervul met al die moontlike tweedrag, haat, toorn en dodelike wraak? Sê my, wat moet daar in so `n geval, wat onvermydelik is, gedoen word?”

[14] **Ek** sê: “Jy praat altyd soos wat jy dit verstaan; ons praat egter soos wat ons dit verstaan. **Jy begryp dit alles op `n growwe, wêreldse manier, terwyl hier vanuit die hemele geestelik gespreek word.**

[15] As jy en iemand anders saam egter al so `n groot angs vir die mense het, vlug dan uit die stad waar mense julle vervolg en gaan na `n ander! Want voorwaar Ek sê vir julle: Julle sal nog lank nie in al die stede van Israel gepreek het, voordat Ek as die Seun van die Mens weer na julle toe sal kom nie *(Matthéüs. 10:23)* as Die EEN wat vir elkeen die oordeel, `n verwoestende vuur in sy hart, sal ontsteek en die kwade wurm in die bors van die boosdoener sal wek; en die vuur wat nooit blus en die wurm wat nie sterf nie; daarin sal julle egter geregverdig word. Want wee diegene wat julle vervolg en die hand aan julle geslaan het!”

[16] **Judas** sê weer: “Ja, as ons al doodgeslaan is, dan sal U wel kom! As U ons nou tog al die mag oor die bose geeste gegee het en die krag om al die siektes te genees, waarom gee U ons dan ook nie dadelik die mag oor die slegte mense nie, waarvan daar dikwels nie één slegter is as al die bose geeste wat hulle ooit as parasiete in die liggame van mense genestel het? Gee ons die mag om vuur uit die aarde op te roep onder die voete van hulle wat ons vervolg, en ons bekeer in `n kort tydjie die hele wêreld vir U!”

[17] **Ek** sê: “Wil jy dan meer wees as jou Majesteit en Meester? Ek sê vir julle almal: die leerling staan nie bo sy meester en die kneg nie bo sy Meester nie. *(Matthéüs. 10:24)* Dit is vir die leerling genoeg as hy is soos sy meester, en ook vir die kneg as hy is soos sy Meester.

*(word vervolg)*